Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
www.laerskoolmontagu.net
monties@telkomsa.net
023 614 1640

MONTIENUUS

30 Augustus 2023
OB 31

Beste Ouers

Brain Tribe het beslis 'n opgewondenheid onder ons leerders laat plaasvind. Ons het aan die einde van die week gesien dat selfs die "ouer manne", wat Maandag skepties was oor die saamsingery en bewegings, ook heerlik saamgesing het. Die boodskap deur die week was positief en ons wil graag hierdie energie behou. Kyk asb. na u kind se boekie met aantekeninge en gesels tuis ook daaroor met u kind.

Die laaste wintersportwedstryde is nou afgehandel, met Vrydag se hokkie wat plaasgevind het in Robertson. Die dag was gesamentlik gereël deur Montagu, Ashton en Hexvallei. Die weer was onplesierig, maar die spelers het hulle nie laat afskrik nie en het elke wedstryd voluit gespeel. Saterdag was daar 'n tennis ontwikkelingstoernooi waaraan van die leerders deelgeneem het en daar was ook 'n Landsdienskamp. Dankie vir die leerders wat ook hierby betrokke was. Sien ook die uitslae verder aan in die Montienuus. Dankie aan die personeel wat die leerders gedurende die naweek vergesel het.

Deurlopende assessering vind plaas. Die gr. 4 – 7 leerders is in verskeie vakke besig met projekte, wat in baie gevalle navorsing insluit. Kontroleer asb. u kind se huiswerkboekie en maak seker dat hulle voorbereid skool toe kom, met al die nodige materiaal. Leerders kan goed doen met die projekte, indien hulle voorbereid is en hul beste doen in die klas.

Die somersport begin hierdie week in die sportperiodes, soos ook reeds aan u deurgegee.

Ons gaan oor die volgende paar weke verskeie groepfoto's neem, hou asb. die Montienuus dop en maak seker u kind het die nodige klere op fotodae. Dit sal duidelik gekommunikeer word.
Sterkte vir die week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
Montagu SPAR
023-6143080
goed vir jou

BELANGRIKE DATUMS

Vrydag, 1 Sep	Ope entrepreneurs Wintersport afsluiting – o. 13 Rugby, netbal en hokkie Kooroptrede: 10h30 Loslitdag
Vrydag, 8 Sep	Burgerverkope GF Boeke huis toe
Dinsdag, 12 Sep	Somersport eindig
Woensdag, 13 Sep	Eisteddfod Kore (Robertson)
Vrydag, 15 Sep	Entrepreneurs (gr. 7O)

Loslitplakkers @ R20 elk by die skool te koop.

Leerders met plakkers mag Vrydag, 1 Sep gewone klere aantrek. Koorlede sal egter in skoolklere moet wees vir hulle kooroptrede, maar mag Maandag, 4 Sep gewone klere aantrek

Beurtkrag en ons telefoon:

Ongelukkig is ons sentrale baie oud. Wanneer die krag af is, gee die foon 'n luitoon wanneer u bel, maar dit lui nie by die skool nie. Ons kan dus nie oproepe ontvang tydens beurtkrag nie.

Ope Entrepreneurs

Elke klas kry deur die jaar 'n entrepreneursdag om 'n geldjie te verdien. Ope entrepreneurs is ingestel om tussendeur aan leerders die geleentheid te gee om geld te maak deur verkope.

Ons kry egter baie min belangstelling daarvoor die afgelope jaar. Dit beteken dat daar dan op Vrydae nie genoeg kos te koop is nie. Indien die tendens voortduur, sal ons die snoepie Vrydae moet oopmaak op die ope entrepreneursdae, sodat daar genoeg kos te koop is. Dit sal egter die ope entrepreneurs se verkope beïnvloed.

Leerders word dus aangemoedig om hierdie geleentheid te gebruik.

Montie Burger Verkope

Op 8 September gaan die Monties weer heerlike Montie-burgers verkoop.

R50 per burger & 300ml *coke*.

Onthou om jou bestellings te plaas voor 1 September.

Sportuitslae: Hokkie

Monties vs Swellendam - 15 Augustus 2023

SPAN	UITSLAG
o. 13A Seuns	verloor
o. 13A Dogters	gelyk
o. 11A Seuns	verloor
o. 11A Dogters	verloor
o. 9A Gemeng	verloor
o. 8A Seuns	verloor
o. 8A Dogters	wen
o. 7A Gemeng	wen

Monties vs Worcester-Oos - 17 Augustus 2023

SPAN	UITSLAG
o. 13A Seuns	verloor
o. 13A Dogters	verloor
o. 13B Gemeng	verloor
o. 11A Seuns	verloor
o. 11A Dogters	verloor
o. 11B Gemeng	verloor
o. 9A Gemeng	wen
o. 8A Seuns	verloor
o. 8A Dogters	verloor
o. 7A Gemeng	verloor

Monties o. 12 7's Rugbyspan

Op Vrydag, 25 Augustus 2023 het die Monties se o. 12 7's span deelgeneem aan Hoërskool Montagu se feesnaweek.

Ten spyte van die koue en reën het hulle baie mooi gespeel. Baie geluk!

TENNIS

Van Monties se tennisspelers het die Langeberg Tennis Akademie toernooi bygewoon op 26 Aug 2023. Die klein kinders het speletjies gespeel en die ouer kinders het kort toernooie gespeel. Zack Roos eindig 1ste en Lodewyk Beukes 2de in die seunsafdeling en Mieke Joubert 3de in die dogtersafdeling.

BRAIN TRIBE

♫ Hey, buddy hey! Jy maak ons baie bly, met jou helder geel blink lyfie en jou grootte bril. As almal baie praat, gee jy die beste raad… ♫

Meeste van u het teen die tyd heel waarskynlik die liedjie al gehoor, van u sing dit dalk al saam. Die Montie-leerders het verlede week (21 – 25 Augustus 2023) saam met die Brain tribe span gekuier. Die kursus help leerders om hulle emosionele intelligensie te verhoog, om beter besluite te neem en om hul sosiale- en leierskapvaardighede te verbeter.

Hulle het Maandag vir Brain buddy ontmoet wat hulle help om die regte besluite te neem; Dinsdag het hulle vir Wagter die waghond ontmoet; Woensdag was Piet pappegaai se beurt; Donderdag het hulle kennis gemaak met Bob bobbejaan en Vrydag het hulle vir ou Koei in die sloot ontmoet.

Die leerders het die kursus vreeslik baie geniet en ons glo die leerders sal nog vir jare die vrugte van die kursus pluk.

Gaan besoek gerus Brain tribe se webtuiste (https://braintribe.co.za/) indien u meer wil uitvind oor emosionele intelligensie.

Landsdiens

Vier van Monties se Landsdienslede het die kamp bygewoon te Kopbeenskloof. Hulle het dit baie geniet, al was dit baie koud. Baie dankie vir Juf. Marsha wat hulle vergesel het.